

# Kategeet werkblad: 18 Julie 2010

---

## Teksgedeelte:

Miga 7:1-7

## Agtergrond:

As ons 2 Konings 17:1-7 sou gaan lees, lyk dit soos die tyd waarin die gedeelte van Miga 6:1-7:7 afspeel. Dit begin ongeveer teen 727-725. Israel word weggevoer teen 722 vC. Hierdie is dan die slotargument van die profesie wat in Miga 6:1 begin het.

Soos met slotargumente in antieke debatsvoering, dra dit die volgende kenmerke:

- Die spreker wil die hoorders oorwen. (In vers 5-7 is dit duidelik dat Miga die hoorders oortuig dat hy hulle belange op die hart dra. Hy waarsku teen mense wat die gemeenskap nog verder kan vernietig.)
- Hy oordryf sy argumente en verklein die van sy opponente.
- Dit het 'n emosionele impak op hoorders.
- Dit herinner weer aan die kern van die debat. (Die HERE is op soek na 'n regverdige wat regverdig en met genade (soos in verhouding met die HERE) sal heers. Iemand wat op die HERE alleen vertrou. Miga stel homself dan voor as iemand waarmee hulle kan identifiseer as hulle wil.

## Jan gee kortliks kommentaar oor die gedeelte:

### Vers 1+2

In breë trekke gaan dit egter 2 beelde van verse 1+2 daarom dat die persoon na iets soek, wat onwaarskynlik is dat hy dit sal vind. Die punt word gemaak dat hy dit inderdaad nie vind nie.

Die bedoeling van dié twee beelde word veral duidelik wanneer vers 2 gelees word. Die profeet wil met dié twee beelde daarop wys dat daar geen goeie en lekker vrugte, dit is "regverdige" mense, meer in die wingerde, dit is onder die volk, te vinde is nie. "Regverdiges" is mense wat deur God in die regte verhouding met Hom gestel is. Die wat "geregverdig is" is ook mense wat met die verwagte respek optree teenoor God en mense. In die lig van alles wat tot dusver gebeur het, en waaroor die Israel deur God veroordeel is, was dit in elk geval onwaarskynlik (die eerste beeld), meer nog, geheel en al tevergeefs (die tweede beeld), om enigsins te soek na sulke mense. Teen sy betewete doen die profeet dit tog, maar moet hy op die ou end teleurgestel erken: daar is geen gelowiges (geregverdighdes) of opregtes meer in die land en onder die mense oor nie (2a).

Met die terme *gelowige* en *opregte* (regverdighdes) word aangesluit by 6:8 waar die profeet aan Israel gesê het wat God van hulle verwag. Ware opregtheid en geloof sou daartoe gelei het dat die volk hierop ag geslaan het. Maar, ten spyte daarvan dat hulle baie opreg voorgekom het (6:6-7), het die leiers van Israel hulle klaarblyklik nie aan Miga se woorde gesteur nie, vandaar die profeet se vrugtelose soektog na geesgenote.

Al wat hy wel vind, is mense met moordgedagtes in hulle harte en wat spreekwoordelik besig is om met vangnette op mekaar jag te maak (*sien ook Miga 1*). In plaas daarvan dat die mense reg laat geskied, liefde en trou aan mekaar bewys (6:8), is hulle besig om mekaar uit te buit en te na te kom. Om by bogenoemde beelde aan te sluit: van goeie en eetbare vrugte is daar nie sprake nie.

#### Vers 3+4a

Miga sê die leiers verdraai alle regspraak. Met ander woorde: sake word nie objektief beoordeel nie, maar eerder deur persoonlike gewin bepaal. Die gemeenskap is 'n morele afvalhoop.

Die beeld van die doringheining beteken nie dat dit jou beskerm nie, maar eerder dat dit vir jou 'n hindernis is. Waarskynlik het dit iets daarmee te doen dat doringstruik en -heininge wat langs voetpaaie te vinde was, vir reisigers 'n groot belemmering was en hulle reis bemoeilik het. Op soortgelyke wyse, vanweë hulle bevooroordeelde en onregverdige optrede, verhinder die leiers van die volk dat reg en geregtigheid kan geskied. Sien ook die waarskuwing in Miga 1.

#### Vers 4b

Die die onreg en uitbuiting wat in die voorafgaande verse beskryf is, dwing die die profeet om vir die volk te sê dat daar vir hulle straf en oordeel wag. Dié vers vorm ook die basis vir wat in verse 5–6 volg. Die straf en oordeel sal so katastrofies wees dat die hele samelewing as gevolg daarvan in duie sal stort.

#### Vers 5+6

Die profeet sê: as die mees basiese boustene van die samelewing verkrummel, is daardie samelewing gedoem. Dit is die straf wat die volk sal moet verduur vir hulle wandade teenoor mekaar en ontrou teenoor God. Hulle is vir hulle self die straf op hulle keuses.

#### Vers 7:

Die profeet sluit af met 'n opsomming van wat hy vir Israel gesê het van 6:1 af. In een kort sin sê hy alles wat die leiers moet hoor. Dit maak nie saak wat hulle gaan doen nie, maar *"Ek sal vertrou op die Here, ek sal wag vir die God wat my red."*

## Aksie:

Die groep word elkeen 'n stuk of stukke van 'n legkaart gegee wat hulle as groep moet bou:

- Aan die een kant van die legkaart is 'n komplekse prent wat nie maklik gebou kan word nie,
- Aan die ander kant is 'n prent van iemand wat iemand anders ophelp.

Die groep gaan eers probeer om die moeilike kant te bou, nadat hulle lank genoeg gesukkel het, kan hulle die legkaartstukke omdraai en probeer om die makliker kant te bou.

## Reviewing:

### Diamant vrae:

- As jy 'n nuusleser was, beskryf aan jou gehoor wat gebeur het.
- Wie was die meeste betrokke tydens die bou van die legkaart?
- Wat was maklik/moeilik aan die bou van die legkaart?

### Hart vrae:

- Wie het nog soos jy gevoel met die bou van die legkaart?
- Het jy al vantevore gevoel soos tydens die bou van die legkaart, wanneer?
- Het jy al ander mense gesien wat gevoel het soos jy gevoel het tydens die bou van die legkaart?

### Skoppens vrae:

- Hoe is die lewe soms soos die eerste prentjie?
- Hoe dink jy lyk die prentjie van die aarde en wat alles daarop gebeur vir God?

- Hoe wil jy hê moet die prentjie van die aarde en wat alles daarop gebeur vir jou lyk?

### **Klawers vrae:**

- Wat gaan dit vir ander mense sê as ons vir hulle wys dat die prentjie van die wêreld eerder soos die tweede legkaart kan lyk?
- Wat sê dit van God as die wêreld se prentjie eerder soos die tweede legkaart lyk?
- Wat kan ons doen om ons wêreld-prentjie eerder soos die tweede legkaart te laat lyk?

#### ***Nota oor die legkaarte:***

*Daar word aan elke klas 'n legkaart uitgedeel wat aan twee kante gedruk is. Die prente op die legkaart volg hier onder.*



